# Lesing 02.03.2018 - Die Antichris DEEL 4

Wêreldgebeure – Natuurkatastrofe - Geloofstryd

***8 Julie 1956***

Verdra alles met geduld en word nie wankelmoedig in die geloof nie. Dit moet Ek julle nog dikwels toeroep, want ter wille van julle geloof, sal julle moet ly, maar wat julle nou nog nie kan begryp nie. Nou bevind julle julleself in `n sekere vryheid van denke, nóg skenk die medemens geen aandag aan die geestelike lewe van hom wat My trou wil bly nie, nog word julle nie deur aardse maghebbers gehinder in julle geestelike oordeel nie. Maar die tyd sal kom dat julle nie meer vry sal wees in geloofsaangeleenthede nie. Die tyd sal kom waarin die mense juis aangeval sal word deur sy medemens en ook deur die aardse gesag, ja hulle wat lewe vanuit die korrekte manier van denke, wat dit ernstig het met die ontwikkeling van hulle siele, wat die waarheid spreek en hulle medemens wil help tot heil van hulle siele.

Juis hulle sal in `n hoë mate verdruk word, terwyl die verdedigers van dwaalleringe nog steeds geduld of eerder nog gesteun as gehinder sal word in hulle aktiwiteite. Julle sal julleself ook dikwels afvra waarom Ek dit toelaat en daar sal ligte vertwyfelinge in julle opkom en julle sal swak word, omdat julle sal moet ly. Daarom roep Ek julle steeds weer toe; verdra alles en bly sterk in die geloof, want julle sal die kroon van die oorwinning verkry. Nou (1956) word nog geen geloof aan Sy woorde geskenk nie, want daar is nog geen voortekens van so 'n moeilike tyd te merk nie.

Maar skielik sal daar `n omwenteling plaasvind, omdat `n wêreldgebeurtenis, wat die mense erg sal skok, `n openlike opstand sal veroorsaak teen Hom, wat as Elohim en Skepper so iets kan toelaat wat `n skadelike uitwerking op die mense het. En daarom word elke erkenning as Elohim en Skepper van Hom ontneem en elke geloof in Hom word as ongegrond verwerp. En hulle wat die geloof in My teen die mening verdedig, wat hulleself vir My sal uitspreek en ook hulle medemens uit hierdie droom sou wil help, sal aangeval word.

Steeds het Ek weer aan julle verkondig dat Ek deur die geweld van die natuur sal spreek om die nog slapendes en traes wakker te skud. Sommige sal ook ontwaak, maar baie meer nog sal selfs hulle swak geloof verloor, in die aangesig van die groot verwoesting en die baie mense-offers wat die gebeure sal lewer. En so sal die verskillende menings rugbaar word, en met haat vervul sal die meeste `n Elohim en Skepper verloën en elkeen aanval wat nie hulle mening deel nie. Dan sal My teëstander, met al sy sluheid, aan die werk kom om haat aan te wakker, waarmee hy ook sal slaag. Want die aardse verliese wat die mense deur die natuurgebeure sal ly, sal hom verbitter en hom aanspoor tot onregverdige eise en die uitbuiting van die medemens wat homself nie kan verweer nie. Die liefdeloosheid van die mense sal nog meer toeneem, en wat hulle onderneem sal die hand van die teëstander, die Antichris, duidelik verraai, van wie hulle afhanklik is. Daar sal voorskrifte en maatreëls uitgevaardig word wat, veral hulle wat Myne is, gevoelig sal tref, wie ter wille van hulle geloof sal moet ly en nouliks die hardheid van hulle noodlot sal kan begryp. Maar dan sal Ek die dae verkort, sodat die wat Myne is, nie sal faal nie, sodat hulle nie afval en nie salig kan word nie.

Hou julle slegs vas aan My woord, dit sal julle red uit die grootste nood; en wag op die vervulling van die woord; want Ek Self sal kom en julle bevry en Ek sal Myself vooraf reeds op `n ongewone wyse openbaar om julle te versterk, wanneer julle gevaar sal loop om swak te word. Julle hoef niks te vrees nie, solank julle op My vertrou en solank julle julleself met My in gebed verbind, want solank sal julle krag ontvang om weerstand te kan bied. Dink daaraan dat die vyande wel julle liggaam kan doodmaak, maar nie julle siel nie. Dink ook daaraan dat daar `n ewige lewe is en dat die lewe op die aarde vir elke mens spoedig ten einde loop, dan sal julle vrees ook verdwyn en julle sal met `n sterk geloof vervul word en kan standhou - en steeds van My en My Naam getuig.

Prent die woorde in julle geheue, dit sal julle tot krag en sterkte wees in die komende swaar tyd.

Verseker julle al vooraf van krag en versamel dit, want nog sal dit `n tyd duur voordat Ek self deur die natuurgebeure sal spreek. En wanneer julle die tyd goed sal benut om julle geloof nog meer te versterk, dan sal ook die geloofstryd wat volg, julle nie ontstel nie, dit sal julle maar weinig roer, omdat julle met sekerheid sal wag op My koms, omdat julle geloof so sterk geword het dat nóg bedreiginge nóg maatreëls teen julle, julle sal kan ontstel. En julle sal goeie stryders wees vir My en My Naam en alle magte van die hel sal julle nie kan oorwin nie, want Ek self sal saam met julle stry en Ek sal julle waarlik tot die oorwinning voer.

AMEIN